



Knowledge grows

Hoe om kunsmis te stoor



Goeie opbergings- en huishoudingspraktyke is altyd belangrik om 'n veilige werkplek te verseker. Kunsmis moet, waar moontlik, in 'n toe en veilige pakplek gestoor word om die produk teen weersomstandighede (soos son en reën) te beskerm en om die risiko van diefstal te beperk.

Die ideale opbergingsomgewing

- **Beskerming teen die weer:** Berg kunsmis in 'n toe gebou om dit teen die weer en veral direkte sonlig te beskerm.
- **Higiëne:** Maak seker dat die pakplek skoon en sonder stof.
- **Temperatuur:** Berg kunsmis in temperature van 5 tot 30 grade Celsius. (KAN en produkte met KAN-mengsels is sensitief vir hitte en temperatuurwisseling.)
- **Vog:** Beskerms teen vog, want vog kan tot klonte en stof lei wat die strooivermoë van die produk kan beïnvloed.
- **Voorraadbeheer:** Bestuur voorraad op 'n grondslag van eerste in, eerste uit.



© Per Josefsson, 2006

Toerusting vir die toedien van kunsmis

- Hou die humiditeitsvlakke dop. Kunsmis kan op 'n klam dag vog absorbeer wat die vloeibaarheid daarvan kan beïnvloed.
- Maak seker dat die toedieningstoerusting skoon en droog is voor aanvang of voordat dit met kunsmis hervul word.
- Maak die toedieningstoerusting gereeld skoon – tydens en ná gebruik.
- Moenie kunsmis oornag in toedieningstoerusting laat staan nie.
- Gaan die toedieningstoerusting gereeld vir slytasie na omdat dit kalibrering kan beïnvloed.



Vir meer inligting kontak:

Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd
Posbus 59, Hugenoet 7645
Lambrechtstraat, Paarl 7465


Telefoon: +27 (0)21 877 5300
Faks: +27 (0)21 862 6604

www.yara.co.za



Binnenshuise opberging

- Die stoor moet verkieslik 'n enkelstoor wees wat gebou is van materiaal soos beton, bakstene of staal wat nie maklik vlambaar is nie.
- Die gebou moet oor voldoende ventilasie beskik om hitte te verdryf en dampe weg te voer in geval van 'n brand of ontbinding.
- Die vloeroppervlak moet gelyk en droog wees sonder enige gate daarin.
- Opstapeling moet met sorg gedoen word. Hoë stapels kunsmis sakke kan onstabiel wees en inmekaar stort. Beperk die hoogte van opgestapelde kunsmis sakke tot die volgende:
 - Grootmaatsakke: maksimum 3 sakke hoog
 - 50kg sakke op palette: maksimum 2 palette hoog
- Wanneer jy palette op mekaar stapel, maak seker dat die basis stabiel is.
- Bêre kunsmis ten minste 1 meter weg van die gebou se dakrande en balke. Sakke kunsmis moet ten minste 1 meter weg van die mure gebêre word.
- Hou kunsmis weg van enige vlambare materiaal. Sorg dat die afstand tussen materiaal ten minste 5 meter is. Die meeste stikstof-kunsmis bevat nitrate wat in hitte ontbind en reeds teen 150°C toksiese stikstofoksied vorm. Sommige produkte kan selfs koolstofoksied (CO, CO₂) en swaweloksied vorm.



Moets:

- ✓ Hou 'n rekord van alles wat in die pakplek is (verkieslik met 'n uitleg van waar elke produksoort staan)
- ✓ Rapporteer enige diefstal of verdwyning van materiaal aan bevoegde owerhede.
- ✓ Sorg dat belangrike inligting oor veiligheid (soos veiligheidsinstruksies) gereedlik beskikbaar is.
- ✓ Lei werkers op sodat hulle weet hoe om materiaal veilig te hanteer en hoe om in 'n noodgeval op te tree.
- ✓ Skei afgekeurde kunsmis van ander kunsmis. Sorg dat behandeling en wegdoening op 'n verantwoordelike wyse geskied.
- ✓ Sorg dat kennisgewings oor veiligheid duidelik sigbaar is.
- ✓ Hou goeie huishoudingspraktyke in stand.
- ✓ Verseker maklike toegang tot noodtoerusting. Moenie ontsnaproetes blokkeer nie.
- ✓ Sorg dat kunsmis sakke en -houers reg en duidelik gemerk is.
- ✓ Sorg vir afstand tussen kunsmis soorte wat nie met mekaar in aanraking moet kom nie.
- ✓ Kry die bestuurder se toestemming vir instandhoudingswerk en volg die regte prosedures.
- ✓ Gebruik slegs goedgekeurde elektriese toerusting.
- ✓ Voer gereeld veiligheidsinspeksies uit.

Moenies:

- ✗ Geen toegang aan ongemagtigde persone nie
- ✗ Geen kontak tussen hittebron en kunsmis nie
- ✗ Geen rook of oop vlamme naby kunsmis nie
- ✗ Geen gasbottels, oliedromme, gasstelsels, olietanks of brandstof vulstasie naby nie
- ✗ Geen oop vuur of warm gloeilampe naby produkte nie
- ✗ Geen sweiswerk tensy gemagtig en onder streng beheer uitgevoer nie
- ✗ Geen parkering, brandstof ingooi, herlaai of instandhouding van voertuie naby produk nie
- ✗ Geen kontaminering van kunsmis met vlambare of organiese materiaal, saad, hooi, strooi, plaaschemikalieë, olie, ghries, sure of alkalië nie
- ✗ Moenie vloere met saagsels droog maak nie (gebruik liefers onaktiewe materiaal)